Was dit in al die huise of is dit uitgebref na ander huise ook daarna? -- Al die huise het dit gehad.

Was al die strate geteer daar in daardie gebied? -- Nee.

Is van die strate geteer terwyl jy daar gewoon het? -- Die enigste paaie met teer op is die hoofpaaie, soos byvoorbeeld die busroetes.

Weet jy wanneer dit geteer was? -- Ek is daar gebore in Evaton en daardie teerstrate was alreeds daar gewees.

Wie dit gedoen het, weet ek nie.

(10)

Die ander paaie waar jy daar woon in die gebied, word hulle in stand gehou en op 'n gereelde basis geskraap? -- Dit is nie so nie. My straat waar ek woon, ek weet nie wanneer laas was dit geskraap nie. Daardie pad is so sleg daarso met slaggate. Ek weet nie, ons kan nou ook daar gaan kyk.

Is dit die posisie nou, maar ons praat nou van 1983/1984? -- Hulle het die paaie reggemaak in daardie tyd deur gebruik te maak van skrapers.

Wie het dit gedoen? -- Ek weet nie. Dit is net 'n skraper wat daar gekom het wat die paaie toe gewerk het. Wie s'n dit is, weet ek nie.

Het daar swart mense op daardie paaie gewerk in daardie tye op die masjiene wat dit geskraap het? -- Die "grater" word geopereer deur 'n swart man.

En die ander handlangers wat daar werk, is dit ook swart mense, aan die paaie? -- Nee, jy het gevind dit is net een persoon wat met hierdie "grater" daar ry en hy doen die skraapwerk en verwyder die klippe daar in dieselfde straat.

(30)

Jy/...

Jy het vir die hof gesê jy weet nie wie het die dienste daar gelewer of die punte daar gebring nie, hoe kan jy dan, as jy nie weet wie dit verskaf het nie, die Munisipaliteit of die raadslede gaan beskuldig in hierdie hof en kom sê hulle maak beloftes wat hulle nie nagekom het nie as jy nie eers weet wat doen die raad nie? -- Ja, dit is so, ek weet nie wie daardie werk uitgevoer het nie.

My vraag is nou, antwoord nou. Hoe kan jy dan kom die raad kritiseer en sê hulle het niks gedoen as jy nie eers weet wat die raad wel gedoen het nie? -- Toe ons hulle (10) gekies het daar, het hulle ons beloof dat hulle sal toesien dat die huur nie verhoog word nie en dat die strate geteer gaan word. Hulle sal bome plant op die sypaadjies dat die plek mooi lyk en gepraat daarvan dat hulle die grafte daar by die begraafplaas gaan skoon maak. Dit is wat ek van praat.

Wanneer is hierdie beloftes gemaak? Laat ons net duidelikheid kry? -- Ek was daar gewees toe die verkiesings die heel eerste keer gehou was. Die tweede klomp, met hulle verkiesing, het ek nie gegaan nie, want hulle het ook maar (20) dieselfde dinge gepraat wat net nie gebeur het nie.

Is die tweede klomp wat jy na verwys se verkiesing, is dit nou die verkiesing van November 1983? -- Ja, dit is so.

HOF : By hierdie verkiesing het u nie gegaan luister wat sê die mense nie? -- Ek het net van mense gehoor wat daar was, dat die mense sê hulle gaan die strate reg maak.

En voor dit, die keer wat u wel daar was, wanneer was dit? -- As ek reg is, was dit 1972. Ek mag verkeerd wees.

Dit is al waarvan u eerstehandse kennis het van beloftes, dit is in 1972? -- Ja. (30)

MNR. JACOBS : In 1983, op 27 November 1983, was daar 'n vergadering gehou in die Roomse Kerk in gebied 12? -- Ek onthou nie.

Dit was 'n vergadering wat gehou was deur die VCA, Vaal Civic Association as 'n protesvergadering teen die komende verkiesings? -- Ek onthou nie daarvan nie.

Het u nie kennisgewings gesien dat dit geadverteer word nie? -- Nee, ek onthou nie.

Kan u onthou dat daar kennisgewing van UDF opgeplak was by die bushaltes en ander plekke in die gebied? - Nee, ek (10) onthou nie.

Dat daar selfs sprekers van ander plekke af sou gekom het om die mense in die Vaal te kom toespreek? -- Nee, ek kan dit nie onthou nie.

Jy het vir die hof iets gesê wat heel interessant is en dit is dat almal in die woongebiede het geweet van die weg'bly-aksie op 3 September? -- Ja, ek praat van die mense wat saam met ons was by die vergadering.

O, is dit net die mense wat by die vergadering was wat dit geweet het? Is dit nie al die mense in die woongebiede(20) nie? -- Nee, u sal my verskoon. Ek het 'n fout begaan. Wat ek sê is dat almal in die Vaal was daarvan bewus. Selfs die passasiers in die busse wat gery het, het daarvan gepraat.

Het jy net in Sebokeng met die busse gewerk of het jy ook in die ander gebiede soos Sharpeville, Boipatong en Bophelong bus gery? -- Ek het net in Sebokeng area met die busse gewerk.

Hoe kan u dan vir die hof kom sê al die mense in die Vaal ook ingesluit Sharpeville, Boipatong en Sebokeng se mense het geweet as jy nie in daardie busse gery het nie? -- Toe ek (30) gepraat/...

gepraat het van die hele Vaal, het ek gepraat van hierdie plekke, zone 14, zone 13, zone 12, zone 7, zone 3 en Evaton ook ingesluit. Dit is die areas wat ek van praat. Dit is die area waar ek geopereer het.

So, jy het eintlik dan 'n fout gemaak as jy vir die hof gesê het die hele Vaal het geweet daarvan? -- Ja, ek het 'n fout gemaak deur dit te sê, want in my gedagte het ek hierdie plekke gehad wat ek nou net genoem het.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Gebied 3? -- Asook gebied 3.

MNR. JACOBS : Het jy ooit daarso gedurende daardie tyd, (10) Augustus 1984 ook gekom in Bophelong en Boipatong en in Sharpeville? -- Ek verstaan nou nie. Bedoel u dat ek daar gekuier het of wat bedoel u daarmee?

Enigsins ingegaan in daardie gebiede, gekuier of vir enige ander doel? -- Ek kuier in Sharpeville alleen, want ek het 'n oom in Sharpeville waar ek kuier.

Kuier jy baie vir jou oom? -- Nee, nie baie nie. Ek gaan net as ek miskien dink ek moet hom gaan sien op 'n dag-

Het jy ook daar in Sharpeville gehoor dat daar sou 'n optog wees waar die mense bymekaar sou kom by die Anglikaanse (20) Kerk op 3 September daar in Sharpeville? -- Nee, ek het nie.

Het jy nie gehoor dat daar op ander plekke mense bymekaar sou kom op 3 September nie? -- Nee, ek kan glad nie onthou nie.

Het jy enige kennisgewings gesien wat uitgereik was omtrent die hou of die bymekaar kom van die mense op 3 September? -- Nee.

Jy het gesê vir die hof jy weet van VCA, jy het geweet van hom. Sedert wanneer weet jy dat daar so iets is soos die Vaal Civic Association? -- Ek het gesê ek het gehoor dat (30)

daar/...

daar melding gemaak was van hierdie organisasie by 'n vergadering by die Roomse Kerk. Toe ek dit gehoor het, het ek nie veel aandag daaraan gegee nie of belang gestel om te weet waaroor dit gaan nie.

Watter vergadering was dit? -- Dit is die vergadering van die 26ste.

Was dit die eerste keer wat jy gehoor het van so 'n organisasie, soos Vaal Civic Association? -- Ek het nie veel aandag gegee aan die goed nie, maar hierdie dag het ek gehoor dat daarvan gesprok word. (10)

Antwoord nou net my vraag. Was dit die eerste keer dat jy hoor van so 'n organisasie soos Vaal Civic Association? -- Ja, dit is so.

Wat het jy die dag gehoor van Vaal Civic Association op daardie vergadering van die 26ste? -- Ek het aanvaar dat dit verwys na die byeenkoms van die mense daar by die vergadering - dit is die mense van Sebokeng oor hierdie kwessie van die huur. Ek het toe gedink dit word maar so genoem dat die mense daar bymekaar gekom het.

HOF : U meen dat daardie vergadering daar maar VCA genoem(20) word? -- Nee, ek sê terwyl ek by hierdie vergadering was het ek gehoor dat daar melding gemaak word van hierdie organisasie, maar ek het nie veel aandag daaraan gegee wat dit is nie, waaroor dit gaan nie, maar dit was by hierdie vergadering van die huur.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

K1047

FANIE SAMSON MGUDLWA, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Die dag van

3 September 1984 het al die busbestuurders wat teruggekom (30)

het/...

het met hulle busse dan daarso waar jy kaart gespeel het bymekaar gekom? -- Ja, toe hulle teruggekeer het na hierdie depot toe, het hulle by ons daar aangekom.

Was dit nou al die bestuurders? -- Nie almal nie.

Waar het julle kaart gespeel? -- Daar is 'n plek wat bekend staan as 'n wagkamer. Daar is in hierdie wagkamer 'n bank waarop ons geld tel net voordat ons die geld gaan inhandig. Ons het kaart op daardie bank gespeel.

So, elke persoon wat inkom na 'n rit kom sy geld in (10) daardie wagkamer tel op daardie bank? -- Ja, dit is 'n soort van 'n kantoor van ons waar ons die geld nagaan voor ons gaan inbetaal.

Het daar enige van die busbestuurders geloop nadat hulle daar aangekom het en hulle geld getel het? -- Loop? Bedoel u om huis toe te gaan?

Ja? -- Ek sal so sê want ons het nie verder gewerk hierdie dag nie.

Maar dit is mos nie heeltemal reg nie, want jy het mos die middag gegaan om te werk weer? -- Ja, ek het gewerk, want die mense wat ek vervoer het is mense wat op die plase (20) gebly het. Dus was die rit ver van die lokasie af. Die bus sou nie deur die lokasie gery het om daardie mense weg te kry nie.

HOF : Woon die mense op die plase aan die westekant van Sebokeng en Evaton? -- Ja, aan die westekant.

MNR. JACOBS : Dieoggend terwyl jy daar gedobbel het, het van die polisie daar aangekom by die depot?

MR BIZOS : He did not say he gambled.

HOF : Kaart gespeel.

MNR. JACOBS : Kaart gespeel het, ekskuus.

(30)

HOF/...

HOF : Was daar geld betrokke by die kaartspel? -- Nee, daar was nie geld nie. Ons het net gespeel.

MNR. JACOBS : Terwyl julle daar kaart gespeel het, het die polisie ook daar opgedaag? -- Nee, nie daardie tyd nie.

Daardieoggend solank jy daar by die depot was, het die polisie nooit daar opgedaag nie? -- Ek verstaan nou nie.

Bedoel u dieoggend van die 3de voor hierdie bakleiery wat later plaasgevind het?

Ek praat van dieoggend van die 3de nadat jy teruggekom het van jou roete af, terwyl jy by die depot gebly het (10) en voor jy uitgegaan het weer die middag, vir daardie hele tydperk? -- Nee, die polisie was nie daar nie.

En op enige stadium het jy daardie lokaal verlaat vir een of ander rede of het jy die heeltyd kaart gespeel? -- Ja, op 'n stadium as ek nou verloor het by hierdie kaartspelery daar, het ek uitgegaan om 'n bietjie vars lug daar buite te gaan kry en dan weer teruggekom.

As jy daar buite is, is dit die plek waar die busse ook geparkeer is? -- Nee, op die stoep, net aan die voorkant van hierdie vertrek. (20)

Ken jy mnr. George Sechabela? -- Ek ken hom nie.

Jy sien, hy is een van die bestuurders in diens van die Vaal Transport Korporasie in Vereeniging? -- Miskien ken ek hom as ek hom sien. Dit is die man wat saam met my werk, maar ek ken hom nie op sy naam nie. Ons is so baie daar, dat ons nie mekaar almal op die name ken nie.

HOF : Hoeveel is julle? -- Omtrent vyfhonderd van ons is daar met verskillende depots.

MNR. JACOBS : Ek wil dit net aan jou stel dat mnr. Sechabela het dieoggend daar aan diens gekom. Hy het die roete (30)

gedoen/...

gedoen Boipatong en Bophelong en Vanderbijlpark? -- Dit is reg, maar ek weet nou nie wat het gebeur daar in Boipatong en Bophelong nie. Ek kan nie sê nie.

En ek wil dit aan jou stel dat hy in die hof getuig dat om 07h00 is hy in Boipatong by die Gemeenskapsaal - is sy bus daar aangeval en met klippe gegooi, ruite stukkend gegooi van daardie bus? -- Ek het gesê ek weet nie wat het daar aangegaan nie. Dit wil sê Boipatong en Bophelong. Ek kan niks daaromtrent onthou nie.

En dat hy toe tot buitekant die woongebied weggejaag(10) het en toe die mense daar afgelaai het wat in sy bus was? -- Kyk, ek sê ek weet nie van Boipatong nie. As ek u nou mag vra, waar sê hy, waar het hy die mense gaan aflaai, want soos ek sê, ek weet niks van Boipatong af nie.

Net buitekant die woongebied en toe het hy teruggegaan met die leë bus na die depot toe in Sebokeng? -- Ek onthou dit nie.

En dat hy met die stukkende bus daar moes aangekom het by Sebokeng depot en dit daar gehad het? -- Ek onthou dit nie. (20)

So, voor 09h00 moes dit gewees het wat hy sê hy daar by die depot aangekom het met sy stukkende bus. Weet jy niks van beskadigde busse wat daar aangekom het nie? -- Nee, ek onthou nie.

Het hy nie sy geld gaan tel daar in die wagkamer nie? -- Al was hy miskien daar gewees, ek kan net nie onthou dat dit gebeur het nie.

'n Man kom nou daar met 'n bus wat stukkend gegooi is aan en jy sê jy kan nie onthou of dit gebeur het nie? -- Die hele waarheid en net die waarheid is dat ek nie onthou(30) nie/...

nie. As dit gebeur het, sou ek dit onthou het.

Hy sê nog vir die hof wat meer is, daar was twee polisie-manne toe hy daar aangekom het met sy bus en dat hy aan hulle ook verslag moes gedoen het? -- Nee, ek onthou dit nie.

HOF : Kan u my die verwysing gee?

MNR. JACOBS : Dit is volume 72. Dit begin op bladsy 3846 en dan gaan dit aan met wat ek nou aan hom gestel het tot by 3 848. As jy daar by die busdepot is, is dit ver van die Roomse Kerk af? -- Daar is twee Roomse Kerke daar. (10) Daar is een in Sebokeng en een in Small Farms. Van watter een praat u?

Small Farms? -- Daardie een is baie ver.

In die omgewing van die depot, het jy enigiets opgemerk daar buitekant, rook of enigiets van die aard? -- Ja, dit is so. Terwyl ons nog daar was waar ons kaarte gespeel het, in die rigting van gebied 13 was daar rook gewees. Terwyl ons nog daar gekyk het na hierdie rook in die rigting van gebied 13, het ons opgemerk dat daar weer rook begin het in gebied 12. (20)

HOF : Hoe laat was dit? -- Dit was kort na 11h00.

MNR. JACOBS : En voor dit, in Evaton se rigting of in die Small Farms rigting vanaf die depot? -- Ek het niks gesien in daardie rigting nie.

HOF : Het u gekyk? -- Ek kan sê ek het gekyk, want ek sal vir u sê, 'n oog kan enige rigting toe kyk.

Ja, as jy 'n trapsuutjies is? -- Watter soort van 'n ding is 'n trapsuutjies en hoe lyk 'n persoon wat 'n trapsuutjies is?

MNR. JACOBS : Jy sien, mnr. Sechabela sê hy het geloop (30) ook/...

ook van die depot na die rigting van gebied 7 ongeveer 09h00 en dat soos wat hy geloop het daarvanaf deur Small Farms in daardie rigting was daar strate in die woongebiede wat hy teëgekom het waar daar brandende buitebande was? -- Ek weet nie daarvan nie. Hy is die persoon wat dit hier vir die hof vertel het.

Ek stel dit aan u dat as daarso brandende buitebande was, dan moes dit ook 'n duidelike sigbare rook afgegee het? -- Brandende buitebande waar? In Small Farms of waar? (10)

Ja, in daardie rigting van die depot deur Small Farms na die rigting van gebied 7? -- Ek stem saam met u dat 'n mens dit kon gesien het, maar soos ek nou sê, op daardie stadium het ek niks gesê nie.

Kan jy vir die hof verduidelik hoekom jy dit dan nie gesien het nie? -- Dit is miskien omdat ek nie opletend in die rigting gekyk het met die oog daarop om te sien wat gebeur in Evaton nie.

Is jy nie nuuskierig om te sien wat gebeur in Evaton of in daardie gebiede nie? -- Al was ek nuuskierig gewees, waarmee sou ek soontoe gegaan het, want die plek is ver en (20) wat sou my rede gewees het hoekom moet ek soontoe gaan. Wat gaan ek kyk daar.

Maar waar jy was daar kon jy sekerlik gesien het? --
(Tolk: Verskoning?)

Kom ons los dit daar. Het jy kennis gedra dat daar in die week van 20 Augustus 1984 in Sharpeville na busse gegooi was met klippe? -- Ja, na hierdie voorvalle het dit dikwels gebeur dat busse met klippe gegooi was. Ons was verskeie kere selfs aangerand as ons met busse daar in die lokasies gery het. (30)

Jy/...

Jy praat nou van na hierdie voorval, maar ek praat nou eintlik van voor die voorval van 3 September? -- Nee, dit het nie gebeur nie.

Hoe weet jy dit so goed dat dit nie gebeur dat daar in Sharpeville nie aanvalle was op busse nie? -- Dit is omdat so ver as wat ek kan onthou, die meeste van hierdie dinge plaasgevind het na die 3de.

Wat sê jy op 'n stelling wat ek aan jou maak dat jy kan eintlik lyk my glad nie onthou wat het alles gebeur en wanneer nie? -- Ek kan liewers so sê. Ek onthou dit wat ek gesien(10) wat ek nog hier kan herhaal. Wat ek nie kan herhaal nie, is dit wat ek nie kan onthou nie.

Daar was getuenis in die hof dat daar 'n klipgooiery in Sharpeville was waar ook die jeug betrokke was en dat hulle gearresteer was daarvoor? -- Dit het in Sharpeville plaasgevind. Ek het dit te hore gekom dat daar iets gebeur het in Sharpeville, maar ek het nie veel ag daarop geslaan nie. Ek kan nie eers onthou hoe dit gebeur het nie.

Is dit nie vir jou belangrik om te hoor as mense die busse aanval aangesien jy self 'n busbestuurder is nie? --(20) Ja, maar ek werk in Sebokeng. Ek sal nie kan weet of maklik kan hoor wat in Sharpeville daagliks gebeur nie.

HOF : Het u gehoor omtrent die tyd toe dit gebeur het dat daar 'n klipgooiery was teen busse in Sharpeville? Dit is nou voor 3 September? -- Nee, dit is nie so nie.

MNR. JACOBS : Wat bedoel jy dit is nie so nie? Dit het nie gebeur nie of het jy nie gehoor nie? -- Ek sal sê dit het nie gebeur nie, want as dit gebeur het sou ek dit onthou het.

Die Sharpeville busse het jy reeds gesê word getrek (30) ook/...

ook van die busse daar in Sebokeng? -- Nee, Sharpeville se busse vertrek vanaf die depot en Vereeniging.

So, hulle word glad nie getrek uit die depot in Sebokeng nie? -- Nee, die prosedure daar is soos volg. Die depot van Vereeniging bedien Sharpeville. Met die gevolg is, die mense wat in Sharpeville werk, as hulle met pouse moet gaan, dan gaan hulle na die depot te Vereeniging. So, ons by die Sebokeng se depot werk met Sebokeng, Civic Centre, Bophelong. Daar is mense wat met pouse gaan in Vanderbijlpark. Daar is van hulle wat in Vanderbijl begin en daardie depot in (10) Vanderbijl bedien Sasolburg en die plase daar in die omgewing van Sasolburg.

Voordat ons gaan eet het, die breek gehad het vir die ete, het jy gesê dat jy het op die vergadering van 26 Augustus gehoor van VCA, dit is Vaal Civic Association? -- Ja, ek het gehoor dat daarvan gesprok word, maar ek het dit nie belangrik beskou om eintlik veel ag daarop te slaan dat ek nou kan weet presies wat dit is wat hulle na verwys nie.

Hoe laat het jy by die vergadering aangekom? -- 13h45.

Het jy toe ook in die saal ingegaan 13h45? -- Ja, met(20) my aankoms daar het ek in die saal ingegaan.

Was die saal toe al vol mense gewees of nog nie? -- Daar was heelwat, 'n paar mense daar teenwoordig. Daar was nie baie nie.

Die mense wat op die verhoog sit, was hulle al daar gewees of nog nie? -- Hulle was daar gewees wat net daar gesit het op die verhoog.

Het daar enigiemand op daardie vergadering aan die begin van die vergadering enige aankondiging gedoen en toe die vergadering verlaat? -- Ek kan nie onthou nie. Eintlik is(30)

die/...

die vraag nie vir my duidelik wat u daarby bedoel nie.

Het iemand daar opgestaan by die vergadering voor die vergadering begin het en 'n aankondiging gemaak omtrent wie die voorsitter van die vergadering sou wees en toe vir die vergadering gesê het dat hy gaan nou die vergadering verlaat om na ander plekke toe te gaan? -- Ek onthou nie dat daar so 'n persoon was wat dit gesê het nie.

Kan dit wees dat dit gebeur het maar dat jy dit net nie kan onthou nie? -- Dit kan wees dat hy dit wel gesê het maar dit is net ek wat dit nie kan onthou nie. (10)

Wat is daar gesê omtrent VCA wat jy onthou? -- Wat daar was is die kwessie van die huur wat bespreek is en daar was niks anders wat daar bespreek was nie.

So, VCA was nie bespreek daar nie? -- Iets was gesê oor die VCA maar ek het nie veel daarop ag geslaan om te weet wat dit eintlik is nie.

Van waar is iets gesê van VCA? -- Iets was gesê oor hierdie VCA wat ek nie kan onthou wat dit was nie. Na dit gesê was, was die werk begin. Dit wil sê die vergadering het in aanvang geneem. (20)

So, was daar dan iets, as ek jou reg verstaan, van VCA gesê voordat die vergadering in aanvang geneem het? -- Ek kan nie meer so goed onthou nie of dit genoem was, dit is die VCA, voor die vergadering in aanvang geneem het en of VCA genoem was terwyl die vergadering aan die gang was en daarna iets anders toe ook verder bespreek was nie. Ek kan dit nie meer onthou nie.

Jy kan ook hoegenaamd glad nie onthou wat is gesê oor VCA nie? -- Ek kan nie onthou dat daar iets anders gesê was daar nie. Alles wat gesê was deur wie ook al iets te sê (30)

gehad/...

gehad het daar, was oor die huur. Ek kan my nie voorstel dat iemand iets anders gesê het wat niks te doen gehad het met die huur nie.

Kom ons toets net jou gedagtes so 'n bietjie verder. Miskien kan ek jou help. Was daar nie iets gesê oor wat was die "aims" en die "objects" van VCA nie? --Nee, ek kan dit nie onthou nie.

Was daar op daardie vergadering enige komitees gekies? -- Of daar enige verkiesings was of nie, dit kan ek nie sê nie, maar daar was iets gesê oor 'n komitee wat met gebied 3(10) te doen gehad het, maar ek het nie veel ag daarop geslaan nie, want ek woon in gebied 7.

Jy het vir die hof gesê tot aan die einde van die vergadering het jy daar gebly. Het jy op enige stadium gesien dat daar 'n verkiesing plaasvind of nie? -- Ek kan nie onthou nie. Ek sal u sê hierdie dinge wat gesê was oor gebied 3 het eintlik nie in my gedagte ingegaan nie, want dit het my niks gehelp nie. So, ek het nie juis veel ag geslaan daarop nie.

Kan jy sê toe daar verwys was deur VCA, was dit een (20) van die sprekers wat daar opgetree het die dag of was dit deur 'n persoon uit die gehoor uit of onder watter omstandighede het VCA ter sprake gekom? -- Ek kan nou 'n bietjie onthou daar as u dit vra. Die persoon wat gepraat het, het van die gehoor af opgestap na die verhoog toe waar hy gepraat het.

Was dit so in die middel of aan die einde van die vergadering? -- Dit was 'n rukkie na die vergadering begin het.

Jy is nou 'n man wat al baie lank woon in daardie gebiede. Het jy ooit daar in die woonbuurte in die Vaal, hetsy (30)

Sebokeng/...

Sebokeng of enige van die ander gehoor van die Vaal Organisation of Women? -- As ek reg is, was dit die heel eerste keer dat ek 'n bietjie hiervan gehoor het by die vergadering.

Het jy nooit in die Vaal gehoor van so 'n organisasie en vergaderings wat so 'n organisasie gehou het daar nie? -- Nee.

Wat se organisasie is daardie Vaal Organisation of Women? Wat het dit gedoen? -- Ek weet nie hoe om dit te verduidelik nie, wat se organisasie dit is nie.

Is dit nooit gesê op die vergadering nie, want jy sê(10) dan jy het 'n bietjie gehoor op die vergadering? -- Ja, daar is so 'n ouerige vrou wat hiervan gepraat het dat die vroumense van die Vaal moet verenig en geld bymekaar bring om inkopies te gaan doen op 'n groot skaal wat hulle dan kan gebruik om te verdeel om sodoende die mansmense te help want dit sal hulle kan koop van die OK of van die groothandelaars.

Die persoon wat daaroor gepraat het, was dit 'n vrou gewees? -- Ja, dit was 'n vroumens gewees.

Het sy enige organisasie genoem toe sy so gepraat het?
-- Ek onthou nie. (20)

Het sy van die vloer af gepraat of het sy van die verhoog af gepraat? -- Heel voor van die gehoor op die vloer, nie van die verhoog nie.

Van die vloer af? -- Van die vloer af maar heel voor.

Met haar rug na jou toe, want as ek dit reg verstaan het jy redelik agter in die saal gesit? -- Nee, sy het na my kant toe gekyk.

Wanneer het sy ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Het sy met ander woorde omgedraai en na die gehoor toe gepraat? -- Dit is so, ja. (30)

MNR. JACOBS : Jy het net nou gesê sy het nie na die organisasie verwys nie. Nou weet ek nie hoe bring jy dit nou uit dat jy by haar gehoor het van Vaal Organisation of Women nie? -- Ek het verstaan van hierdie gedagte van haar van wat sy gesê het dat dit bedoel is vir die vroumense om te verenig en dan daardeur die manspersone behulpsaam te wees.

Ek verstaan nog nie waar kom die naam van die organisasie vandaan nie? Dit is wat ek wil weet? -- As ek nie 'n fout begaan nie, dieselfde vroumens het die naam genoem.

In watter verband? -- Dit is waar sy nou daarvan gepraat (10) het dat die vroumense moet verenig en hierdie inkopies doen op 'n groot skaal.

Het jy ooit kennis gedra daar in die woonbuurte waar jy beweeg het of gehoor van die organisasie bekend as ERPA, Evaton Rate Payers Association? -- Nee, ek onthou nie.

Was dit nie gemeld op daardie vergadering nie? -- Indien iets gesê was wat ek onthou, sou ek daarvan onthou het, maar soos ek sê, ek kan nie onthou nie. Dit kan wees dat daar iets gesê is, maar wat ek net nie nou kan onthou nie. Ek weet nie.

Kan jy nie onthou of daar 'n persoon namens daardie (20) organisasie gepraat het op daardie vergadering nie? -- Nee, ek kan nie onthou nie.

Kan jy onthou op daardie vergadering of daar enigiemand gepraat het namens 'n organisasie COSAS? -- Nee, ek kan regtig nie onthou nie.

Of 'n organisasie bekend as Vaal Youth Congress of Vaal Youth Organisation? -- Nee, ek kan regtig nie onthou nie.

Kan jy onthou of daar 'n persoon gepraat het en gesê het hy praat as 'n jeugdige en namens die jeug? -- Nee, ek kan dit glad nie onthou nie. (30)

Kan/...

Kan jy onthou of daar enige spreker op daardie vergadering gepraat het oor onderwys, veral swartonderwys? -- Nee, ek kan nie onthou nie.

Kan jy onthou of daar enige verwysing op daardie vergadering was dat daar 'n samewerking moet wees tussen die ouers en die jeug? Skoolgaande kinders? -- Nee, ek kan dit nie onthou nie.

Die persoon wat die voorstel gemaak het en wat gepraat het dat hy by 'n vorige vergadering in Sebokeng was en omtrent die "stay-away" gepraat het, het hierdie persoon nie iets(10) te sê gehad omtrent die jeug op daardie vergadering nie? -- Nee, ek onthou nie.

So, lyk vir my al wat jy onthou van sy toespraak daar is die feit dat hy gesê het hy was by 'n vorige vergadering waar daar 'n resolusie aangeneem was oor die "stay-away"? -- Ja, dit onthou ek.

Dit is die enigste ding wat jy onthou wat hy gesê het?
-- Ek kan so sê, ja.

Het hy gesê wat moet die mense doen, wat is nou die besluit wat geneem was by die ander vergadering, wat moes(20) die mense doen op 3 September as hulle nou wegblý van die werk af? -- 'n Sekere ou man het gesê "Ja, ons hoor dat daar so 'n resolusie aanvaar was dat daar 'n wegblý-aksie gaan wees op die 3de, maar wat sal dit ons help as ons net wegblý van die werk en niks doen nie?"

Kyk, my vraag was baie duidelik gewees. Die persoon wat die voorstel gemaak het van die wegblý-aksie en wat die vergadering die vorige dag op Sebokeng bygewoon het. Antwoord my vraag, asseblief? -- Al wat hy gesê het is dat daar aanvaar is dat daar 'n wegblý-aksie gaan wees. (30)

Het/...

Het hy nie gesê wat gaan die mense doen as hulle weg-bly nie? Gaan hulle net lekker vakansie hou by die huis of wat sou hulle doen? -- Nee, hy het nie gesê nie.

En as hierso getuienis aangebied was deur die verdediging dat hy gesê het hulle sal "rallies" hou, vergaderings hou daardie dag van die 3de, wat dan? Wat sê jy daarvan? -- Die persoon het dit nie gesê nie.

Sê jy dit is 'n leuen dan as iemand so gesê het? -- Ek kan so sê dat dit nie die waarheid is nie.

Op hierdie vergadering, was daar enige bespreking gewees(10) dat huur nie betaal sou word nie? -- Dit was nooit gesê by hierdie vergadering dat huur nie betaal moet word nie. Wat gesê was is dat die R5,90 is die geld wat nie betaal moet word nie.

Was niemand bang dat as hulle nie die verhoogde huur betaal dat hulle gearresteer sou word nie? -- Nee, wat gesê is daar is dat ons moenie die R5,90 betaal nie, maar ons moet die huur betaal. So, dit was nie gesê dat ons nie die huur moet betaal nie.

Was daar enige bespreking gewees oor wat van mense wat(20) stoporders geteken het vir die huur? -- Ek kan nie onthou dat so iets gesê was nie. Dit kan wees dat dit gesê was, maar dit het net nie in my gedagte geregistreer nie.

Was daar enige bespreking, kan jy onthou, of gesê dat sekere mense sal tog voortgaan en die huur gaan betaal, al sê julle nou op daardie vergadering dit moenie gedoen word nie? -- Dit het nie gebeur nie. Dit was nie gesê nie. As dit gesê was, sou ek dit onthou het. Wat ek onthou is dat ons was gesê om nie hierdie R5,90 te betaal nie, maar die huur, die gewone huur moet ons betaal.

(30)

Was/...

Was daar enige bespreking gewees - kom laat ons dit net so kry. Hoe groot opkoms was op daardie vergadering gewees van 26 Augustus 1984? -- Die saal was só vol gewees dat van die mense nog daar buite gestaan het.

Sal jy sê dit is 'n duisend mense wat daar was? -- Ja, hulle was baie.

En weet jy hoe baie mense is daar in Sebokeng? -- Nee, ek weet nie.

Sal jy saamstem dit is baiekeer meer as 'n duisend? -- Ja, ek kan saam met u stem daar. Die mense is baie. (10)

As daardie mense wat nou nie daar op die vergadering is nie, wat betaal, wat gaan dan nou gebeur as hulle betaal? -- Herhaal asseblief hierdie vraag vir my, dat ek mooi kan hoor, wat is die vraag eintlik?

Ek het 'n eenvoudige vraag gevra. Wat gaan gebeur as daardie baie mense wat nie op die vergadering is nie, wel die verhoogde huur gaan betaal? Wat het julle bespreek daaroor? -- Ek weet nie, maar niks sou gebeur het nie.

Het julle dit nie bespreek nie? -- Nee, dit was nie bespreek wat sou gebeur met die mense wat gaan betaal nie. (20)

Een van die resolusies was dan gewees dat mense moet nou weg bly op 3 September van die werk af. Is dit reg? -- Ja, dit is reg.

Was daar nie mense wat bang was om weg te bly van die werk af en gesê het nou maar wat gaan gebeur as ons weg bly en die polisie arresteer ons nie? -- Nee, dit was nie gesê nie, want ek sal vir u sê wat gebeur het. Almal daar teenwoordig wat gehoor het van hierdie weg bly-aksie was almal bly om dit te verneem dat daar 'n weg bly-aksie was.

So, jy sê niemand het daaroor iets gevra nie? Almal was (30) net/...

net bly? -- Wat is die vraag? Sal u dit asseblief vir my verduidelik?

Niemand het op die vergadering daar gevra wat sal gebeur as hulle gearresteer word, as hulle wegblei van die werk af op 3 September nie? -- O, dankie, nou is dit vir my duidelik gestel. Daar is 'n ou man wat dit gesê het, maar selfs dit, na hy dit gesê het, het ek geen gevaar gesien nie, want die mense daar teenwoordig het gesê ons gaan soontoe om ons klagtes voor te lê en sê wat die klagtes is.

Wat het hierdie ou man presies gesê? Laat ons net (10) hoor? -- Wat hy gesê het was, wat sal gebeur as die mense wat deelneem aan die optog gearresteer word.

En toe? -- Die mense daar teenwoordig, dit wil sê die mense as geheel, sê toe kyk, dit kan nie gebeur nie, want ons gaan nie baklei nie. Ons gaan net soontoe om te gaan verneem van ons regte en oor wat ons klagtes is.

Jy sê die gehoor as 'n geheel. Het hulle dit sommer so almal uitgeskreeu? -- Dit is wat hulle gesê het dat daar geen gevaar was nie, want niks gaan gebeur nie. Ons gaan net soontoe om te gaan kla. Dalk sal hulle die huur (20) verminder.

Maar my vraag is, het die gehoor dit so uitgeskreeu, want jy sê die gehoor as 'n geheel het dit gesê. Nou wil ek net weet, hoe het die gehoor dit as 'n geheel gesê? -- Hoekom ek sê hulle het almal saam gestem. Hulle het sommer daar geskreeu en gesê daar is geen gevaar nie. Met dit het ek aanvaar dat dit die goedkeuring wegdra van almal wat daar teenwoordig is.

Daar is nie 'n spesifieke persoon wat hierdie ou man geantwoord het nie, maar die gehoor het hom so geantwoord? (30)

Ja/...

-- Ja, want hy het toe gesit.

Die ou man wat jy van praat, is dit die eerste keer wat jy hom ook ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Met ander woorde, daar is nie 'n spesifieke persoon wat hom geantwoord het nie? -- Ja, ek sê so.

MNR. JACOBS : Die ou man, ken jy hom? -- Ek ken hom nie.

Was dit die eerste keer wat jy hom in jou lewe gesien het die oomblik toe hy daar opgestaan het en hierdie vraag gevra het? -- Dit is so, ja.

Op hierdie vergadering, het hierdie vergadering (10) bespreek watter mense gaan werk en watter mense gaan nie werk op 3 September 1984? -- Wat gesê was daar is dat die hospitaal moet werk. So, die werknemers van die hospitaal moet werk toe gaan en die ambulanse sal moet werk in die lokasie.

Hoekom moes die ambulanse werk? Wie moes hulle vervoer? -- Wat gesê is is dat daar is siek mense hier in die lokasie wat die ambulans dan moet vervoer na die hospitaal toe.

Is dit al, die siek mense? -- Wat verder gesê is is dat die verpleegsters sal maar moet werk toe gaan.

Hoe sou hulle daar kom? Met hulle eie karre of met (20) die taxi's of met wat sou hulle daar kom? Met die voet? -- Wat gesê was is dat hulle sal maar sien hoe kom hulle by die werk uit.

Is dit nie gesê dit is hulle wat met die ambulanse moes ry en nie siek mense nie? -- Nee, ek onthou nie.

Is dit die enigste mense, net die verpleegsters en die ambulansbestuurders wat kon gaan werk het? -- Wat gesê was daar was dat die werknemer van die hospitaal sal almal werk toe moet gaan.

Selfs die gewone hande-arbeider wat daar in die tuin (30) werk/...

werk by die hospitaal? -- Wat gesê is is dat die werknemers van die hospitaal. Daar was nie 'n spesifieke groep van die hospitaalwerknemers wat genoem is nie.

Was dit nie ook gesê dat die onderwysers moet gaan werk nie, want hulle moet vir die kinders skool hou en die kinders kan nie daar deelneem aan daardie wegblý-aksie nie? -- Ek kan nie onthou dat daar iets gesê was oor die onderwysers nie.

Of van die skoolkinders? -- Ek het niks gehoor nie.

Was daar iets gesê oor brandweermanne, mense wat met die brandweer werk, of hulle sal gaan werk? -- Geen (10) melding was gemaak van hulle nie.

Of van polisiebeamptes? -- Niks was gesê oor die polisie nie.

As 'n ander getuie wat voor jou getuig het spesifiek gemeld het dit was verpleegsters en die polisie was gemeld, is dit nie reg nie? -- Ek kan dit nie onthou of dit so was nie.

Was daar verwys op hierdie vergadering na spesifieke raadslede, is hulle by name genoem? -- Hier was melding gemaak van al die raadslede op name.

Dit is interessant. sê 'n bietjie vir ons hoe is na (20) hulle verwys by name? -- Wat gesê is, is die volgende. Dat die raadslede, as hulle nog daar besig is om mense te werf dat hulle gekies moet word vir stemme, dan sê hulle dat hulle alles gaan reg maak. Hulle sal toesien dat daardie huur nie verhoog moet word nie en sekere dinge sal aandag geniet. Die paaie sal reggemaak word en na hulle gekies is op die raad dan doen hulle dit nie.

Was daar 'n lys van name gewees wat hulle aangelees het en gesê het dit is die raadslede wat almal moet bedank? -- Nee. (30)

Jy/...

Jy sê nou hulle was almal by name genoem. Was mngr. Mahlatsi, die burgemeester van Lekoa se naam genoem daar? -- Ja, iets was gesê oor daardie naam.

Wat was gesê oor mngr. Mahlatsi? -- Wat gesê was is dat toe hulle nog mense gaan soek het om vir hulle te stem om gekies te word op die huidige raad, het hulle gesê dat die ander mense, met verwysing na Matjila, nie die mense bedien het soos dit verwag was nie, dat hulle gekies word om daardie posisies oor te neem.

Watter ander raadslede is nog by name genoem? -- (10) Wat ek nog 'n bietjie kan onthou is Mkhiwane was een van hulle. Hy het ook nie ver van my af gebly nie. Hulle is nou die mense wat genoem is en nog andere.

Wat is gesê van mngr. Mkhiwane? -- Wat gesê was oor hom is dat hy het gebied 7 verteenwoordig en toe hy nog gevra het dat die mense hom moet kies, het hy gesê dat die mense hom moet help en kies dat hy op die raad moet wees. Sodra hulle hom op die raad gekry het, dan sal hulle sien, alles wat hulle oor kla wat hulle wil hê aandag moet geniet, sal die nodige aandag kry as hulle hom gekies het. (20)

Is dit al wat hulle gesê het van mngr. Mkhiwane? -- Ja, hulle het ook hiervan gepraat dat hy gesê het dat hy sal toesien dat die huur verminder word, maar daar is dit, daar word nog R5,90 bygetel op hierdie huidige huur.

Wie het hierdie toespraak oor mngr. Mkhiwane gemaak? -- Volgens wat ek verstaan het hoe die man daar gepraat het, is hy 'n inwoner van gebied 7, een van die mense wat vergaderings bygewoon het wat deur hom, Mkhiwane, geroep was voor die verkiesings.

Het die persoon uit die gehoor uit opgestaan en gepraat (30) oor/...

oor mnr. Mkhiane? -- Ja, dit is so.

Was die naam Rabotapi genoem op daardie vergadering? -- Nee, ek kan nie so goed onthou nie.

Ken jy 'n mnr. Rabotapi? -- Ja, ek ken hom so vaag. Ek sien hom net verbygaan met die kar, maar ek ken sy gesig so vaag.

Weet jy waar is hy 'n raadslid? Of hy 'n raadslid is? -- Ek weet dat hy 'n raadslid is vir Evaton.

En mnr. Liphoko, weet jy van so 'n persoon? -- Ek hoor net sy naam. Ek het hom glad nie geken nie. (10)

Het jy geweet of hy 'n raadslid is of nie? -- Nee, ek kan nie onthou nie. Ek weet regtig nie of hy 'n raadslid was nie.

Was hierdie twee name ook daar op daardie vergadering van 26 Augustus 1984 geopper? -- Dit is wat ek nou nie meer kan onthou of daar enige melding gemaak was van die twee name nie.

So, jy kan absoluut niks onthou omtrent hierdie twee persone nie? -- Dit is so, ja.

Jy sê op 'n stadium is 'n persoon daar verhoed om te praat op die vergadering? -- Ja, dit is so. (20)

Verstaan ek jou getuienis reg dat 'n vrou het opgestaan en gesê hy is 'n raadslid en moenie toegelaat word of hy het gestaan vir 'n raadslid en hy moenie toegelaat word om te praat nie? -- Ja, dit is so.

Het die mense toe kwaad geword vir hom omdat hy 'n raadslid was en nie moet praat nie? -- Van die mense het gesê dat hy toegelaat moet word om te praat en daar was toe van die mense ook wat daarteen gekant was dat hy moet praat.

Die mense wat gepraat het en gesê het hy was 'n ex-raadslid, hy mag nie praat nie, het kwaad geword daar? -- Ek (30)

kan/...

kan so sê, ja, want hulle het gesê dat hy net moet sit.

En toe hy gaan sit, toe is hulle tevrede en toe bedaar hulle sommer so vanself? -- U weet self, in 'n saal, mense sal nie sommer gelyktydig dadelik stilbly nie. Daar sal nog van die mense wees wat nog sal aangaan met die geraas in 'n saal. So, daar was 'n ander man gewees, 'n middeljarige man wat naby die voorsitter was wat toe die voorsitter behulpsaam was om die mense te laat stil bly.

So, die voorsitter het eintlik gesukkel om die mense stil te kry, so kwaad was hulle? -- Ek sal dit so stel, ja. (10)

Stem jy saam, net die feit dat hy as raadslid gestaan het, het hierdie mense sommer dadelik nou opvlieënd geraak. Baie min het dit gekos om hulle opvlieënd te maak teen hierdie man? -- Ja, dit is so, want al het ek nie geweet waарoor hierdie spreker gehandel het voor die vroumens opgestaan het en gesê dat hy gestop moet word nie, maar hy het baie min te sê gehad.

Wat sê jy van hierdie proposisie wat ek aan jou wil stel dat wat jy vir die hof gesê het dat hierdie vrou het net gesê hy moet gestop word, hy moet nie 'n geleentheid (20) gebied word om te praat nie. Volgens die verdediging is dit nie heeltemal korrek nie, dat hierdie man was wel 'n geleentheid gegee om te praat, maar daar was 'n voorwaarde gestel deur die vrou dat hy moet die raadslede verworp, dan sal hy die geleentheid kry om te praat. Wat sê u van daardie voorstel? -- Ek onthou nie dat dit so gesê was nie.

Hierdie man neem ek aan, hy sien nou hierdie gehoor is baie kwaad vir hom, hulle is opvlieënd, was seker bang gewees. Stem jy saam? -- Ek kan sê dat hy geskrik het, want hy het sommer gaan sit. (30)

Het/...

Het jy gesien, het hy toe lateraan die saal verlaat? --
Ek het nie opgelet nie.

Was jy in die agterkant van daardie saal of waar was
sy gewees? -- Ek was 'n entjie ver agter toe vanaf die middel
van die saal aan die regterkant.

HOF : As 'n mens nou die saal in kwarte verdeel, was u in die
agterste kwart of die tweede kwart van agter af? -- Ek was
in die derde kwart.

Van voor af gereken? -- Van voor af.

MNR. JACOBS : Die vrou, waar was sy gewees? Was sy naby(10)
jou gewees, agter jou? -- Die vroumens was heel voor gewees,
meer regs van my vanwaar ek gesit het.

En die mense wat nie wou gehad het dat die man moes
praat nie, was hulle agter in die saal? -- Ek sal sê hulle
was orals in die saal. Selfs in die nabyheid vanwaar ek
gesit het, was daar mense gewees wat gesê het hy moet toegelaat
word en die ander sê nee, hy moenie toegelaat word nie.

En die mense het geskreeu orals in die saal? -- Dit is so.

En ek stel dit aan jou, jy kon nie presies gehoor het
wat almal van hulle gesê het nie? Jy het maar party van (20)
hulle gehoor wat naby jou was? -- Ek onthou net die bietjies
wat ek sal noem. Van die mense het gesê laat hy sit en daar
is van hulle wat gesê het nee, laat hy praat. Dit is wat ek
onthou.

En as daar mense is wat gesê het hy moet doodgemaak word
as hy nie sit nie, dan kan jy dit nie ontken nie? -- Nee, dit
was nie daar gesê nie.

Ek stel dit aan jou, jy kon dit nie alles gehoor het
nie? -- Wat ek gehoor het is dat van die mense gesê het hy
moet sit en van hulel sê dat hy moet staan. Dit is wat ek (30)

gehoor/...

K1047.80

- 18 465 -

MGUDLWA

gehoor het.

GETUIE STAAN AF.

hof verdaag tot 25 November 1987.

DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989

PUBLISHER:

Publisher:- Historical Papers, The University of the Witwatersrand

Location:- Johannesburg

©2009

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

DOCUMENT DETAILS:

Document ID:- AK2117-I2-26-322

Document Title:- Vol 322 p 18409-18465. Witness: Mqudlwa